JANUARIE 2020 UITGAWE 1

# VOETSPORE VAN HOOP NUUSBRIEF

**Amptelike Nuusbrief van Noord-Kaap Evangelisasie NPC**
**Regnr** 2017/194413/08
08-276 **NPO**/ **PBO** 930060932

## 2020 SKOOLJAAR BEGIN MET GROOT AFWAGTING





### ONS EERSTE SPORE VAN 2020

Die nuwe skooljaar is volspoed aan die gang en ons kan nie glo die eerste maand is reeds verby nie. Op die 15de Januarie 2020 het 40 gretige kleuters en hul ouers hier opgedaag, elkeen gereed om hulle eerste treetjies te gee op die pad na 'n toekoms vol HOOP en verwagting.

Daar was 'n paar tranerige gesiggies, maar die trane het gou plek gemaak vir opgewondenheid oor al die nuwe maatjies en speelgoed wat hulle hier verwelkom het.

Juffrou Sadia en juffrou Lani het elkeen gou tuis laat voel in hul nuwe klaskamers en sommer vinnig kon die klanke van kinderstemme wat leer tel, rympies opsê en sing gehoor word.

Ouma Marie en Ouma Tina het gesorg vir iets lekkers tydens die eerste happietyd en was dit nie lekker toe dit tyd word vir middagete en al die honger magies gevul kon word met die lekkerste smullekker kos nie.

Die eerste maand van 2020 is iets van die verlede en saam sê ons dankie vir ons Hemelse Vader se genade en voorsiening elke dag!

Laat weet ons as jy graag ons nuusbrief per e-pos wil ontvang:

Stuur asb e-pos na voetsporevanhoop1@gmail.com

# DIE SEËNINGE VAN OESTYD

### OUPA SAMUEL SE HARDE WERK

Dit is met groot dankbaarheid dat ons gedurende die afgelope maand die vrug kon geniet van Oupa Samuel se toewyding en harde werk in ons groentetuine. Hierdie groentetuine voorsien in 95% van ons groente behoeftes op die oomblik. Ons kinders geniet elke dag 2 gebalanseerde etes asook 2 happies tydens oggend en middag happietyd.


Ons is bevoorreg om ook ons groentetuine en hoenderhokke as demonstrasietuine te kan benut vir die huisgesinne wat deel vorm van ons huishoudelike hoender en groente program,



# HUISHOUDELIKE HOENDERS EN GROENTE PROJEK

### VOEDSELSEKURITEIT VIR GRIEKWASTAD

Nege huishoudings in die woonbuurte van Riemvasmaak, Vaalblok en Mathlomola hier in Griekwastad is deel van ons huishoudelike hoender en groente program. Die gesinne ontvang die nodige opleiding en bystand van ons om 'n suksesvolle hoenderhok en groentetuin by hul eie huise te vestig en te onderhou met die primêre doel om voedsel te produseer vir die huishouding asook 'n geleentheid om'n inkomste te genereer.





Kontak ons gerus:

e-pos: voetsporevanhoop1@gmail.com

Tel: 063 1912 124

voetsporevanhoop/footprintsofhope

Instagram

voetsporevanhoop